

REDAKSIES

Pretoria-Maramata

Redaktrise: Linda de Vente
gdevente@global.co.za

Lede: Cornelia Kerkhoff,
Hendriët Pouwels

Finansies: Erik Visser



Pretoria

Redaktrise: Carina Bijker
caad@tuks.co.za

Sekretaresse: Petra Ros

Lede: Lieze Bron, Eric Danielz,
Willem de Jager,

Arjan van Houwelingen

Illustrasies & voorblad:

Alex van Houwelingen



Kaapstad

Redakteur: Adriaan Haak
haakfam@telkomsa.net

Lede: Marthie Breytenbach,
Anja Luijk



ADMINISTRASIE

Witleg

Marlene de Vente
marlienuh@msn.com



Administrasie

Administratief & finansies:
Hilda Middeljans

Ons hoop om **Die Olielamp**
10 keer per jaar uit te gee.
Hierdie uitgawe is ook
elektronies beskikbaar
by die volgende Internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>



Redaksioneel

Die lente getuig van nuwe lewe: nuut, vars, groen; bruisend van energie en lewenslus ('n weerspieëling van die Olielamp momenteel). Meerdere kere word daar in die Bybel genoem dat die Here alles nuut maak. In Psalm 104:30b byvoorbeeld: "U maak die gelaat van die aarde nuut". Kyk om jou heen, sien die krag van die Here raak! Bid dan dat God deur Sy Heilige Gees jou hart ook só nuut sal maak. En weet dat God jou gebed sal verhoor, en Sy belofte wat Hy al aan Eségiël gemaak het, ook in jou lewe al hoe meer waar sal maak: "En ek sal ... 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip verwyder en julle 'n hart van vlees gee". Dán kan ons saam met die Psalmidigter sing:

U, o Here, het my geskape,
deur U goddelike hand –
ag, herskep my nou inwendig
en verlig U my verstand.
Al U dienaars sien my lewe
en dit is hul siel 'n vreug
dat my siel op u beloftes
so vrymoedig hom verheug.
(Psalm 119:26, berymd)

Nog 'n enorme dankie aan Sjirk en 'n groot welkom aan Adriaan wat die Kaapse redaksie verlaat en binnetree; dit was 'n voorreg, en dis nou jou voorreg!

Pretoria,
Carina



IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	2
Uit die Woord	3
Romeine 1 : 16, 17.....	3
Onderlinge tug	4
Oppad	5
Ek en my tong	5
Die Spade-reën	7
Moslem aanvalle – 'n Christelike reaksie .	8
Voel jy ook so?	10
Aliens	10
Blokraaisel	12

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

11 September 2005



Uit die Woord

Romeine 1 : 16, 17

Timo Schuring

“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe”.

Hierdie twee verse is besonder belangrik in die Romeine brief aangesien dit die kern van die hele brief saamvat. Luther het dan ook besonder met hierdie verse geworstel en uiteindelik dan ook beseft dat die verlossing slegs deur geloof moontlik is.

In die voorafgaande gedeelte spreek Paulus sy verlange uit om die christene in Rome te besoek en daar die evangelie te verkondig.

Maar wat is sy dryfkrag? Sy dryfkrag is dat hy hom nie skaam vir die evangelie.

Hoekom skaam hy hom nie? Want dit is 'n krag tot redding vir elkeen wat glo.

Waarom die krag van redding? Want daarin word die geregtigheid van God geopenbaar.

Ek skaam my nie

Dat Paulus hom nie skaam vir die evangelie is juis 'n bewys van sy geloof! Christus sê immers self in Mark. 8:38 “Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in heerlikheid van sy Vader met die heilige engele”.

Krag tot redding

Dit is belangrik om raak te sien dat die evangelie (blye boodskap) op sigself 'n krag is tot redding vir elkeen wat glo. Die boodskap is immers God se woord en God se woord is lewend en kragtig (Hebr. 4 : 12). Hoewel hierdie boodskap reddingskragtig is, is dit nie onvoorwaardelik nie, dit vereis geloof!

Die geregtigheid van God

Die geregtigheid van God is 'n term wat dikwels in die O.T voorkom:

Ps. 31:2 “...Bevry my deur u geregtigheid.”

Jer. 23:7 “In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREJTIGHEID.”

Jes. 59:17 “En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser,...”

Hiermee word God se verlossende optrede vir sy volk beskryf, Hy wreek die bloed van sy knegte, Hy kom vir sy volk op wat geroep word om in Hom te glo. God regverdig sy volk, spreek haar vry, uit genade!

Uit geloof tot geloof

Die Jode het egter gereken dat om uit geloof te lewe beteken om aan die wet te voldoen oftewel volkome gehoorsaam te wees. M.a.w selfverlossing. Teenoor die Joodse selfverlossing deur wetswerke stel Paulus "uit geloof tot geloof". Hiermee het Paulus vir alle eeue die verlossende krag van die evangelie onthul. Luther het hom gedurende sy tyd in die klooster angstig afgepra: Beteken God se geregtigheid dat Hy alle sondes straf? Paulus se woorde was egter vir Luther ook 'n krag tot redding. Hy het verstaan dat God se geregtigheid praat van sy evangeliese verlossende redding vir gelowige

sondaars, so het die reformasie dit later ook verstaan.

Eerste vir die Jood en ook vir die Griek?

Die Jode is deur God uitverkies om sy verbondsvolk te wees. Christus het sy apostels eers na die verbondsvolk gestuur om hulle tot 'n keuse te dwing, Hy is immers die beloofde Messias? As die Jode die evangelie verwerp, dan moet sy apostels na die heidene gaan. Na die verbondsoordeel in 70 n.C het hierdie voorreg van die Jode opgehou en is die Christelike kerk die verbondsvolk, en die gelowiges die saad van Abraham.

Onderlinge tug

Bernard Antonides

Spreuke 1:7-9: Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug. My seun, luister na die tug van jou vader en verwerp die onderwysing van jou moeder nie; want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals.

Ons word van jongs af deur ons ouers geleer om in geloof te lewe. As kinders word ons die wet geleer en ons ouers help ons om daarvolgens te lewe. Die eerste tug waarmee ons kennis maak is wanneer ons ouers ons tugtug. Tug is eintlik dissipline. Ons moet van jongs af dissipline leer. As ons ouer raak moet ons mekaar help om dissipline te handhaaf. Dit is onderlinge tug.

Waarom onderlinge tug?

1. Om mekaar te bemoedig om 'n gelowige lewe te bly lei en in die weë van God te bly wandel. Ons wil die broeder of suster wat afdwaal help om sy lewe te verander en weer gelowig te lewe. Ons wil ons broeder of suster help om nie net te sê hulle leef gelowig nie, maar om ook te lewe soos God dit wil (Spr.6:23).
2. Om te keer dat God se Naam gelaster word. Almal van ons is deel van die gemeente. As een van ons in sonde lewe maak hy 'n vlek op Christus se Naam. Deur die sonde word God gelaster. Ons moet mekaar tereg wys sodat God se Naam nie gelaster word nie.
3. Die gemeente as Christus se liggaam moet rein wees, maar ons kan dit net rein hou deur mekaar tereg te wys waar nodig. Tug hou ons as gemeente en as Christus se bruid rein.

Hoe kan ons mekaar tereg wys oftewel tugtug?

Allereers moet ons in liefde met mekaar omgaan omdat ons deur die liefde van Christus aan mekaar verbind is tot een liggaam (Joh. 13:34,35). Om in liefde met iemand te praat is om hom soos 'n broeder te vermaan. Jesus leer ons in Matt. 18:15-17 "En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar". Bid vir jou broeder en suster en bid vir wysheid vir die vermaning.

Hoe moet jy na tug luister?

Spr. 15:32 sê "Hy wat die tug verwerp ag sy eie lewe gering; maar hy wat na die tereg wysing luister verkry verstand". Spreuke leer ons dat jy jou lewe kan verloor deur nie na tug te luister nie, of juis wys kan word deur wel te luister. Deur te luister kan 'n saak van lewe of dood wees. Ons moet die tereg wysing van ons broeder of suster altyd ernstig opneem. Bid en vra die Here of die tereg wysing nie ontereg teen jou ingebring is nie. Voor die Here sal jy jou sonde besef en skuld bely en daarvoor vergewing verkry. Die Here sê vir ons "vermaan mekaar elke dag" (Hebr. 3:13) en "Laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor" (Hebr.10:24). Die Woord van die Here word toegepas op ons daaglikse lewe en red die sondaar van sy sondige pad. Die gemeente word gesuiwer van die kwaad wat haar kan verwoes. Deur tug word die heiligheid van God beskerm.

Ek en my tong

Gerrit Bron

Woede of verdriet

Wat sou jy verkies: iemand wat kwaad is vir jou, of iemand wat hartseer is oor jou? 'n Mens kan vir enigiemand kwaad wees, maar om hartseer te wees oor iemand.... dit gebeur daar waar daar 'n band is, 'n verhouding, iemand vir wie jy omgee, lief is. Die Bybel sê so reguit "En bedroef nie die Heilige Gees nie" (Efes.4:30). Hier spesifiek nie met diefstal of owerspel of dronkenskap nie, maar met ons woorde! God het ons so wonderlik geskape dat ons in staat is om te kommunikeer. Dit is 'n geweldige gawe, maar hoe gaan ons daarmee om? Hoe gereeld gebeur dit nie dat jy sommer iets sê wat skadelik is, wat iemand hartseer maak? Voor jy jou kom kry, het die woorde uit jou mond geglip.

Die Bybel is die Woord van God. Dit is die Heilige Gees wat die bybelskrywers feilloos gelei het in wat hulle moes skryf. Dit geld ook vir Efes. 4:30: "...bedroef die Heilige Gees van God nie...". Ons woorde het nie in die eerste plek te make met beskaaf of onbeskaaf nie, maar met die werk van God se Gees in ons. Ons sê so gemaklik: "Ag, dis maar 'n woord" of "Dis nog niks, daar is baie erger dinge" of "Ek is ook maar 'n mens". Maar as ons die dinge in die lig van die HERE en sy verbond sien, word dinge anders. Dan is dit nie 'n kwessie van reëls oortree nie, nee, maar ons bedroef 'n Persoon, die Heilige Gees.

Wat sê ons?

Is ons as christene herkenbaar deur ons taalgebruik? Dit is baie verleidelik om saam te skel en saam te *moan*. Hoe verleidelik om dieselfde kragterme, skelwoorde en growwe taal te gebruik as die mense wat die Here nie lief het nie. Ons vloek nie, maar wat dan wel... Moet ek nie myself gereeld afvra of ek herkenbaar is deur my taal nie? Sien mense my raak oor dit wat ek NIE sê nie? **Is ek herkenbaar deur dit wat ek wél sê?** Dink bietjie aan getuie wees van Christus. God wil nie hê dat mense verlore gaan nie, maar dat hulle in Christus tot die lewe kom (2 Petr. 3:9). God se redding kom dikwels

deur middel van die woord, en Hy skakel my mond daarby in. Jy kan die Gees bedroef met dit wat jy sê, maar ook met dit wat jy NIE sê nie. Hoe dikwels het ek nie die kans verby laat gaan om te getuig van die Here nie?

As ons dink aan Petrus en Johannes (Hand. 4). Net soos by hulle, open die Gees ook my mond, hy gee my vrymoedigheid. Nie 'n vrymoedigheid vir lang preke nie, maar wel vir 'n eenvoudige getuienis. Uit onself kan ons dit nie, en kon hulle dit ook nie. Maar wie die Gees het, kan dit doen. Wie die Here Jesus ken, kan dit nie nalaat nie!



Die gemeente in beeld

Efes. 4 :29 sê "...maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting..."

Die gemeente moet 'n plek wees waar die Gees van God kan woon en werk. Op die gebied van woordgebruik onderling, lê die satan ook maar voortdurend op die loer, omdat hy weet dat ons met ons woorde en vinnige oordele BAIE skade kan aanrig. Hy lag, maar die Gees is bedroef. Veral as ons oor ander praat. "Het jy dit al gehoor?" sal iemand sê, en wie van ons sal dan reageer met "Nee, maar ek wil dit ook nie hoor nie"?

Lieg

Al gehoor van die volgende ware beriggie? In opdrag van die pous, besoek 'n Katolieke priester 'n ontwikkelingsland, om daar te help met die opbou van die kerk. By sy aankoms op die lughawe word hy ingewag deur joernaliste wat hom oorrompel met vrae. Een van die joernaliste vra toe vir die priester wat hy gaan doen aan die baie casino's. Die geestelike, verras deur die aanwesigheid van casino's in so 'n arm land, vra toe "Is hier ook casino's?" Die volgende dag staan daar 'n groot opskrif in die koerant: "Eerste vraag priester: Is hier ook casino's?"

Wat 'n venynige manier om iemand se woorde te verdraai en hom in 'n verkeerde lig te stel! Hoe maklik om so 'n leuen die wêreld in te stuur!

Ons lees in die HK oor die negende gebod: "Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadstoker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie..."

Net soos die geslepe joernalis, herhaal Satan in die paradys die woord van God: "Is dit ook so dat God gesê het...". En hy gebruik byna ook dieselfde woorde as God self. Byna dieselfde. En wanneer Adam en Eva op hierdie leuen ingaan, lei dit tot die breuk met God en so doen Ellende sy intree in die wêreld.

Die tong, sê die apostel Jakobus, is 'n vlammetjie wat 'n hele bos aan die brand kan steek (Jak. 3:5). Die tong as 'n vlam, is 'n produk van die hel. Agter die leuen skuil die liefde vir myself. Die sonde van selfhandhawing - ek het dit nie gedoen nie. En dis daardie liefde vir myself wat my naaste skade berokken!

Verloste tong

As ek deur God se Gees tot Christus bekeer is, is my tong ook bekeer. Verlossing beteken ook 'n bevryde tong. Dit wil sê dat ek met my woorde God begin eer en my naaste se heil begin soek. Ek wil oor my naaste praat, soos ek graag wil hê hulle oor my praat. Dit verg selfverloëning. En is selfverloëning, in hierdie verband, nie dat jy af en toe die punt van jou tong moet afbyt nie? Selfverloëning is om te swyg sodat iemand anders nie belas word nie. Selfverloëning is om die waarheid te praat, ook al is dit nadelig vir

jouself. Selfverloëning is om skuld te bely in plaas daarvan om nie altyd so te praat, dat jyself die beste daarvan afkom nie. God ken my gedagtes, maar ook my bedoelings!

'n Verloste tong kry swaar. Paulus roep die mense op: *lê die leuen af*. Dit kos moeite. Daar staan dus nie 'laat die leuen van jou afgly' nie. Want dit gly nie, dit verg krag. Krag om jou mond toe te hou, al wil jy hoe graag reageer op wat iemand nounet gesê het. Christus is hierin vir ons 'n voorbeeld. Hy word ons voorspraak by die Vader genoem. Ons hoef nie die ander persoon in alles goed te praat en met hom saam te stem nie, nee, dit doen Jesus ook nie. Hy praat ons nie goed nie. Inteendeel! Hy het gesterf omdat ons nie goedgepraat kon word nie. Maar NOUDAT Hy vir my gesterf en opgestaan het, nou spreek God my vry en Christus pleit vir my.

Gebuk

Wat moet jy dan doen as jy 'n slagoffer is van 'n ander se woorde? Soms is daar 'n geleentheid om iets reg te stel, om jouself te verdedig, maar nie altyd nie. Meestal is dit maar ly, en in daardie lyding is ons verbind met Christus. *Hy, wat uitgeskel is, maar nie terug uitgeskel het nie* (1 Petr. 2:23).

Hy het die skuld van die leuen, ook van my leuens, gedra. Dit is ook my leuentjies, my halwe waarhede en my skinderpraatjies wat Hom aan die kruis laat beland het. Om dit te weet, maak my nederig om te dra van wat daar oor my gesê word.

'n Wag voor my lippe

"Here, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe" (Ps. 141:3). Ek het dit nie in eie hande nie, daarom bid ek hierdie gebed. In Psalm 139 staan so mooi, dat God my woorde ken nog voor hulle uit my mond kom (vers 4). Dan vra ek: HERE, help my om die verkeerde woorde in te sluk. Help my om verkeerde woorde te vervang met woorde wat seën, warmte en liefde versprei. Woorde wat stig en opbou.

'n Vry vertaalde uittreksel uit: Morgen doe ik het beter - Gids voor gewone christenen van Prof. dr. H.J Selderhuis

The most powerful position on earth is
kneeling before the Lord of the universe

Die Spade-reën

Hendriët Pouwels

Ook bekend as die "Blou Rokke". Al van hierdie dames raakgehoop? Hulle dra rokke en hoede van 'n besondere blou kleur.

Oorsprong

Soos by vele ander sektes is die stigterslid van die Spade Reën 'n vrou. Mevrouw M.M. Fraser wat glo sy het in 1920 in aanraking gekom met die "Werklikheid". Me Fraser was oorspronklik lid van die Apostoliese Geloofsending maar het, na haar ervarings met die Heilige Gees wat haar so gelei het, soveel nuwe leerstellings ingebring, dat hierdie nuwe sekte afgesplits het van die AG. Die **leer** wat hulle aanhang kan in 9 items beskryf word:

1. Nuwe openbarings

Die Heilige Gees speel 'n uiters belangrike rol in die sektelede se lewens. Die Heilige Gees moet volle vryheid gegee word om hulle te lei, te leer en te bestuur. Nie net persoonlik nie, ook in hulle dienste en bidure.

Hierteenoor dui die Bybel duidelik in Hebreërs 1:1 vir ons aan dat God Homself eenmaal vir altyd ten volle geopenbaar het deur Jesus Christus. Voorbeelde van "openbarings" wat deur die Heilige Gees aan hulle voorgehou is, is:

- kleredrag,
- aankoop van plekke vir geloofshuise,
- die naam van die sekte,
- sondebelydenis voor getuies,
- sonde-openbaring deur die Heilige Gees.

2. Doop

Die doop vind plaas deur onderdompeling van die volwassenes soos by die Wederdopers. Die Heilige Gees leer hulle dat goedgekeurde dopelinge óf deur enkele onderdompeling óf deur drievoudige onderdompeling gedoop mag word. Dit is die keuse van die dopeling. Hier kom ook die groot verskil met die gereformeerde leer na vore waar ons glo dat God ons kies en nie dat die mens vir God kies nie.

3. Kleredrag

Hou maar julle oë oop vir die dames met hulle kenmerkende blou rokke. Hulle hou streng by hierdie kleredrag omrede dit volgens hulle 'n bybelse opdrag is: Die blou kleur sinspeel op die Heilige Gees en die wit klere wat hulle Sondae dra, dui op die wit kleed van geregtigheid wat hulle eendag mag dra. Mans maak ook deel uit van hierdie sekte, hoewel in die minderheid, en moet net soos die vroue, by 'n streng kleredragkode hou. Die Bybel weerspreek die kleredragreël van hierdie sekte in die blote feit

Kruisdra in die Kerkgeskiedenis

Calvyn (I)

'n Jong Fransman, 'n dosent, wat deur die venster van 'n Paryse universiteit ontsnap met 'n tou van lakens wat aan mekaar vasgeknoop is. Hy vlug van soldate wat hom gevange wil neem. As 'n wynboer vermoed homself om verby die poortwag van dié hoofstad te kom. So stap hy die res van sy lewe tegemoet.

Laat ek julle so bietjie meer inligting gee sodat julle 'n beter geheelbeeld kan vorm. Eerstens, die identiteit van die man: Sy naam is Johannes Calvyn en hy is gebore op 10 Julie 1509 in Noyon, 'n klein dorpie Noord van Parys. Hoewel hy nie van die adelstand was nie, was sy ouers welgesteld en kon hy dieselfde onderrig as die van die seuns van die adel ontvang. Die Here het hom geseën met 'n buitengewone verstand. Hy was op twaalf al 'n kapelaan in die Rooms Katolieke Kerk. Hy en sy pa kry later stry met die kerk en hy gee sy amp op. Daarna vertrek hy na Parys saam met sy adellike vriende. Hy gaan studeer Latyn met die oog op regte. Hy vorder baie vinnig en voor twintigjarige leeftyd is hy al 'n dosent.

Tweedens: Hoekom? Net soos in Duitsland, Switserland en ander Europese lande is die Hervorming besig om plaas te vind. Die Roomse kerk wil egter niks weet nie. Ek dink een van die hoofredes is dat hulle kosbare eer op die spel is. Hulle probeer dus om dit teen te werk deur die protestante te vervolg – 'n lelike affêre. Deur die werking van die Heilige Gees in Calvyn se hart, tesame met dit wat hy deur sy studies in die Woord ontdek het, het hy agtergekom dat die Roomse Kerk dwaal. Sy besware het by die dag gegroei en Calvyn kon nie net toekyk hoe dinge verkeerd gaan nie. Calvyn en sy vriend, Nicolaas Cop, die nuwe direkteur van die universiteit, werk toe saam 'n protestantse intreerede uit. Cop moes dadelik vlug, anders was hy ook gebraai op die brandstapel. Toe daar egter uitgevind word dat Calvyn ook deel gehad het aan die rede, het al wat soldaat was probeer om hom gevange te neem. Maar die Here het Sy eie planne waarin Hy Calvyn wil gebruik in die proses van Hervorming in Sy kerk.

Nou weet julle min of meer wat die storie agter die storie is. In die volgende uitgawe sal ek meer fokus op die werk van die Here deur Calvyn na sy ontsnapping.

dat die Bybel glad nie voorskrywend is wat betref kleredrag nie.

4. Die groet

Soengroet is hulle manier van groet. Die vroue soengroet mekaar, so-ook die mans onderling. Daar word egter nie gemeng nie. Lidmate wat egter skuldig is aan die een of ander sonde, mag nie aangeraak en gesoen word nie. Dit word gegrond met tekste uit die Bybel soos Rom. 16:16 en 1 Pet. 5:14.

5. Geestesdans

Hulle dans individueel in hulle eredienste met 'n beroep op die koordanse soos in Ps. 30:12. Hulle voel hulle moet, ongeag die ellende wat die sonde meebring, as geesgedoopte persone, die Here loof vir sy goedheid. Met hulle fisiese dansery, "verbrysel" hulle sogenaamd die duiwels en geestelike booshede. Dis tog onmoontlik! Die sektariese dans het egter geen bybelse grond nie.

6. Volle vryheid van die Heilige Gees

Volgens Gal. 4:10-11 sê hulle dat niks die Heilige Gees mag strem nie. Hy moet ten volle vry wees, nie gebonde aan reëls, gewoontes en beloftes nie.

God het vir ons die Heilige Gees gestuur om die gelowige te alle tye in die Woord te lei, dit wil sê in die Woord van God (Joh. 16:13-15). Maar dit hou in dat daar orde is in die dien van God.

7. Sondebelydenis voor getuies

Hierdie is 'n vername plig van die sektelede. Met verwysing na Jos. 7:19 en gedeeltes uit Mat. 18, Jak. 5 en Hand. 19, beweer hulle die volgende: *As ons ons sondes bely moet ons dit voor God bely, in die teenwoordigheid van die*

medegelowige as getuie hier op aarde... Die bruid van Christus moet hier op aarde haar oordeel ontvang want daar is geen oordeel vir haar in die hiernamaals nie. As sondes nie hier op aarde in die openbaar kom nie, sal dit in die hiernamaals voor die leërskaar van engele aan die lig kom. En dan sal dit vreesliker wees as om dit hier voor 'n medebroeder of suster te bely. Ons moet dus al ons verborge sondes, selfs die van ons kindertoe ten volle bely.

In wese kom dit neer dat die sektelede self vir hul saligheid iets kan doen naamlik deur al jou sondes in die openbaar te bely. 'n Eeue oue kettery.

8. Vreemde tale

Soos die wederdopers praat hulle ook in vreemde tale. Die aanvoering is dat hulle deur die Gees gelei word maar niemand kan kontroleer of die tale wel in ooreenstemming met die Bybel is nie.

9. Goddelike genesing

Onmiddellike genesing op gebed is by hulle op die voorgrond. Hulle kan ook in eie krag hulleself genees deur die "Boodskapper" (hulle Bybel) op die plek van pyn te sit.

Gevolgtrekking

Alhoewel hierdie Spade-reën groep oorkom as konsensieuse Christene, sien 'n mens die elemente van 'n geloof wat op saligheid deur eie verdienste bekom kan word. Op die oog af lyk hulle toegewydheid benydenswaardig, maar as ons hulle geloof van nader bekyk, word hulle gedryf deur die verkryging van eie saligheid. Net soos die Roomse leer, lewe hulle nie uit dankbaarheid vir die volkome offer van Christus nie.

Moslem aanvalle – 'n Christelike reaksie

Ineke Roose

11 September 2001 - 'n Dag van angs, vrees en skok. Binne 'n paar uur het vier gekaapte vliegtuie chaos veroorsaak in New York en Washington DC. Aan die einde van die dag het slegs 'n hoop rommel oorgebly van die majestueuse Twin Towers gebou wat bo al die ander geboue in Manhattan gepryk het. Byna 3000 onskuldige mense het hulle lewens verloor in hierdie onsinnige en onnodige aanval. Vir baie mense is dit die dag waarop die wêreld wat ons geken het, verander het in 'n onbekende, onsekere wêreld waar ons nie meer veilig kan voel nie. Dit is die dag waarop die 'veilige' Westerse wêreld aangeval is. Die verdere aanvalle op Bali (12 Oktober 2002), Madrid (11 Maart 2004) en die onlangse aanvalle op die

Londense moltreinstelsel (7 Julie 2005 en 21 Julie 2005) het hierdie gevoel van onsekerheid en kwesbaarheid in die Westerse wêreld nog meer verhoog.

Selfs hier, aan die suidelikste puntjie van Afrika, het hierdie aanvalle 'n groot impak gehad. Niemand voel meer veilig nie en die bedreiging van nog 'n "Moslem-aanval" is vir baie mense in Suid-Afrika ook 'n werklikheid. Die vraag is nou – hoe moet ons hierop reageer? Voordat ek hierdie vraag kan beantwoord is dit sinvol om eers te kyk oor hoe die res van die wêreld op die aanvalle gereageer het.

Oor die algemeen kan die reaksies in twee groepe verdeel word. In die eerste plek is daar paranoia. Alle Moslems word as terroriste beskou en die Islamitiese godsdiens word veroordeel tot 'n agterlike, outydse en gewelddadige godsdiens wat nie meer in vandag se moderne samelewing hoort nie. Hierdie reaksie van paranoia het tot gevolg dat alle Moslems, ook liberale en vredeliewende Moslems, as vyande beskou word. Die getal aanrandings en aanvalle op Moslems in sekere Europese lande getuig van hierdie paranoïese reaksie. In Engeland is daar alreeds meer as 500 gevalle aangemeld waar Moslems aangeval en aangerand is na die bomaanslae van 7 Julie. 'n Aantal moskees is afgebrand. Ook in Nederland het ons hierdie reaksie gesien, veral na die moord op Theo van Gogh, toe 'n aantal moskees afgebrand is.



In die tweede plek is daar 'n reaksie van ontkenning. Daar word ontken dat hierdie aanvalle werklik in naam van Islam gedoen is. Die aanvalle word toegeskryf aan 'n klein groepie Moslem 'ekstremiste' wat slegs die naam Islam gebruik om hulle eie persoonlike en politieke doelwitte te bereik. Veral die liberale Moslems in Europa en Noord-Amerika, vereenselwig hulle nie met hierdie ekstremistiese groepe nie en beweer dat die Islam juis 'n vredeliewende godsdiens is. Ook George Bush beskou Amerika se "War on Terror" nie as 'n godsdienste-oorlog nie. In 'n toespraak aan die Amerikaanse Kongres op 20 September 2001 het hy die Islam op die volgende manier beskryf: "... its teachings are good and peaceful, and those who commit evil in the name of Allah blaspheme the name of Allah. The terrorists are traitors to their own faith, trying, in effect, to hijack Islam itself. The enemy of America is not our many Muslim friends; it is not our many Arab friends. Our enemy is a radical network of terrorists, and every government that supports them." Hy gaan verder deur die terroriste groepe te vergelyk met Fascisme, Nazisme en ander totalitêre magte van die 20ste eeu. Dit is dus duidelik dat hy die godsdienstige doelstellings van hierdie groepe ontken.

Die bogenoemde houding gaan uit van die veronderstelling dat die Moslems wêreldwyd die optrede van hierdie ekstremistiese groepe veroordeel. Daar is ook enkele voorbeelde van individue en liberale Moslemgroepe wat in die openbaar hulle afkeur teen hierdie aanvalle uitgespreek het. Tog is die leiers van die meeste Moslem-lande opvallend stil. Slegs enkeles het

hulle formeel uitgespreek teen die optredes van ekstremistiese groepe soos Al Qaida. Verder kan daar aanvaar word dat die haat vir Amerika in die Midde-Ooste, en ook wêreldwyd, by die dag erger word. Dit is dus veilig om te veronderstel dat die Moslem ekstremistiese groepe heelwat ondersteuning het in die Moslemwêreld. Hierdie groepe is nie slegs klein, verstote terroriste-groepe wat met wapens en weermagte verslaan kan word nie. Dit is baie gevaarlik om hierdie groepe los te maak van die algemene Moslemwêreld, want hulle is wel deeglik deel daarvan.

Die reeds genoemde bomaanslae was egter almal in die VSA en Europa. Dit is ook baie onwaarskynlik dat Suid-Afrika ooit 'n teiken sal word vir Moslem ekstremistiese groepe. Beteken dit dat die Islam nie 'n bedreiging

inhou vir ons, christene, wat in Suid-Afrika woon nie? Intendeel! Die Moslems in Suid-Afrika gebruik nie verwoesting en oorlog om die kerk in Suid-Afrika aan te val nie, maar die kerk word op 'n baie subtieler manier aangeval. Dit is op 'n geestelike vlak waar die kerk van God aangeval en verswak word, en hierdie aanvalle is baie ernstiger en meer dodelik as bomaanslae. Die vraag bly dus nog steeds - hoe moet ons, as christene in Suid-Afrika, reageer op die steeds sterker wordende Islam?

In die eerste plek hoef ons nie bang te voel nie. Ten spyte van die groeiende dreiging van die Moslemwêreld kan en mag ons glo dat God ons, en sy kerk, altyd sal beskerm teen aanvalle van buite. Ons kan net soos Dawid, eeue gelede, sing: "Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees?" (Psalm 27) Al lyk die toekoms donker en onseker kan ons altyd met volle oortuiging daarop vertrou dat God ons in alle situasies kan beskerm. Verder is dit ook nie ons opdrag om die ongelowiges, soos die Moslems, te veroordeel en te straf nie. Telkemale stel God dit baie duidelik in sy Woord dat Hy alle sondaars sal straf. Een voorbeeld is in Jesaja 13:11 waar die Here sê: "En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder".

Die allerbelangrikste woorde kom egter van Jesus self toe Hy in sy bergpredikasie gesê het: "Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê, seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;...(Matt. 5:44) Hierdie

woorde moet ons houding en reaksie teenoor alle Moslems bepaal. As Christene moet ons liefde, vriendelikheid en respek toon vir alle mense, hetsy Christen, Hindoe, Boeddhis, ateïs en ook alle Moslems. Ons mag onself nie skuldig maak deur saam te gaan met die sterk anti-Moslem houding wat daar in die laaste jare in die Weste gegroei het nie. Ten spyte daarvan dat ons nie kan saamstem met die Islamgeloof nie en die aanvalle veroordeel, moet ons nog steeds alle Moslems met respek en liefde behandel. Dit is slegs deur 'n houding van liefde

dat ons die blye boodskap van die evangelie kan uitdra aan die hele wêreld.

In die bogenoemde teksvers gee Jesus ook vir ons 'n baie belangrike wapen. 'n Wapen wat sterker en magtiger is as alle bomme en wapens in die wêreld. Gebed! Bid tot ons almagtige God in die hemel dat hy die mense wat soveel verwoesting gesaai het se harte sag sal maak. Bid vir eenheid in die kerk – dat ons saam kan staan teen die bedreiging van die groeiende Islam! Bid dat die kerk mag groei en sterker word! En veral - bid vir vrede!

Voel jy ook so?

Aliens

Johan Bijker

Is ons alleen in die heelal? Of is daar ook lewe op ander planete? Kan ons eendag dalk 'n *alien* ontmoet, 'n snaakse groen (of rooi as jy wil) figuurtjie met baie tentakels? Of dalk 'n hele horde *aliens* wat die aarde wil oorneem?

Om meer formeel te klink kan jy in plaas van die woord *aliens* die akroniem ET (*Extra Terrestrial*) gebruik? Dit beteken "buite die aarde", en daarmee word gewoonlik "lewe buite die aarde" bedoel. Die hele kosmos word dus in 2 gebiede opgedeel: op die aarde en nie op die aarde nie. En aangesien ons heel toevallig op die aarde is, beskou ons onself as die norm en enigiets anders word as ET beskryf.

Die oorspronklike vraag is: bestaan ET? Jy kan dit ook anders stel: Is dit moontlik dat daar in die geweldige groot heelal slegs intelligente lewe hier op die aarde is? Of nog strenger gestel: is dit moontlik dat daar slegs op die aarde enige teken van lewe is?

Slim wetenskaplikes probeer dit te beantwoord deur na die geweldige groot omvang van die heelal te verwys. As ons op 'n helder aand in die lug kyk, sien ons miljoene sterretjies. Elkeen van daardie sterretjies is 'n son wat moontlik 'n paar planete mag hê. Daar word gereken dat die melkweg, die galaksie waarin ons onself bevind, so 400 miljoen sterre bevat. Maar daar bestaan nog meer galaksies, baie meer. Dit raak eintlik moeilik om te beseef hoe groot alles is, en hoeveel planete daar mag wees. Om 'n skaal te probeer kry, probeer

indink hoeveel sandkorreltjies op die aarde mag wees. Enorm baie. As elke sandkorreltjie op sy eie miljoene sterre voorstel, dan raak die aantal sterretjies net te groot om te begryp. Elke ster mag planete hê, elke planeet mag lewe hê. Bloot statisties gesien is die kans baie groot dat daar op ander planete ook lewe is.

Die onderliggende filosofie is egter dat lewe deur 'n proses van ewolusie ontstaan het. As lewe hier op aarde deur 'n proses van ewolusie ontstaan het, hoekom dan nie op ander plekke nie? Daarom het die oorspronklike vraag vir die slim wetenskaplikes ook 'n antwoord: daar moet ander intelligente lewe wees. Die groot vraag is net: waar is hulle?

Om dit te beantwoord kry ons met nog 'n akroniem te doen: SETI. Dit staan vir "*Search for Extra Terrestrial Intelligence*". Radio is 'n pragtige uitvinding waarmee ons boodskappe oor groot afstande kan stuur. Dit is dus ook 'n ideale medium om ander planete of galaksies te bereik. As daar op aarde intelligente lewe ontstaan het wat radio kon ontwikkel het, hoekom nie op ander plekke ook nie? Daarom word daar met groot antennes en skottels elke sekonde van die dag gesoek na moontlike ET radiouitsendings. Alle bekende planete word stelselmatig gefynkam vir moontlike radio-uitsendings.

Ook die gewone ou op straat kan help in die soektog. Daar is 'n projek SETI@home waar jy jou rekenaar by die huis of werk kan inspan om deur allerhande data te sif en slegs die resultate

aan SETI terug te stuur. Daar word geweldige hoeveelhede data opgeneem, en al die data moet gefynkam word vir versteekte ET berigte. Dit is 'n verskriklike intensiewe proses wat baie kragtige rekenaars nodig het. In plaas daarvan om een superrekenaar te gebruik word miljoene gewone rekenaars ingespan. Enige rekenaar op die aarde wat vir die meeste van die tyd net staan en niks doen nie, kan gebruik word om dele van die data te analiseer en slegs die antwoord terug te stuur. Dit is interessant om te sien hoeveel mense hiervoor val, veral op universiteite. Daar is mense wat rekenaar-laboratoriums oornag inspan vir hierdie einste doel. En hoekom doen hulle dit? Vir net een rede, en dit is dat indien een van jou rekenaars gehelp het om 'n ET berig op te spoor, jy as deel van die span beskou sal word wat dit ontdek het. Wonderlik, nie waar nie? Jy mag later dalk net as een van die vaders van intergalaktiese kommunikasie bekend staan.

Wat is die resultate tot dusver? In 1977 is 'n sterk radiosein van 'n ander ster ontvang. Wow! Almal was verskriklik opgewonde, want dit is presies waarvoor hulle gesoek het. Was dit 'n radiosein van *aliens* gewees? Ons weet ongelukkig nie, want sien, teen die tyd dat daar meer antenna's op die ster gerig was, het die radiosein verdwyn.

En verder? Nie veel nie. Dit is half lastig, want niemand mors graag geld op projekte sonder resultate nie. Daar moet dus goeie verduidelikings wees om die projek aan die gang te hou. Die grootste verduideliking / verskoning is weereens die geweldige groot omvang van die heelal. Die radioseine vat eenvoudig net te lank om by ons uit te kom. As ET op 'n planeet wat 1000 ligjare van ons af is 'n sein uitstuur, sal ons die sein eers oor 1000 jaar ontvang. Dus: hoe langer ons aanhou soek, hoe groter raak die kans dat ons 'n sein sal ontvang.

Hoekom is almal eintlik so gretig om tekens van ET te vind? Die groot rede is hoofsaaklik om 'n verduideliking te vind hoe lewe in die heelal

ontstaan het, sodat ons beter kan verstaan hoe lewe op die aarde ontstaan het. 'n Ou kan eintlik nie anders as om jammer vir hierdie mense te voel nie. Hulle wil op 'n verskriklike moeilike manier uitvind wat ons eenvoudig net in Genesis 1 kan lees. Vergeet van ewolusie of ander slim wetenskaplike verklarings, glo eenvoudig net wat God vir ons laat neerskryf het. Dan val die hele fondament vir die bestaan van ET plat. (Let op dat hiermee slegs die ET bedoel word soos dit in die media aan ons uitgebeeld word. Uit die Bybel kan ons seker wees dat daar wel lewe buite die aarde is, bv. engele en geeste in die lug, maar dit is 'n hele ander onderwerp). Lewe op aarde het nie sommer maar net toevallig ontstaan nie, maar is geskape. Daarom sal lewe ook nie toevallig op ander planete ontstaan nie. Daar bestaan nie iets soos *aliens* nie.



Dit is verstommend om te sien hoe ver gaan die mens net sodat hy nie hoef te erken dat daar wel 'n almagtige God is nie. Ek dink nie almal van ons besef aldag hoe diep hierdie ewolusie al wortelgeskiet het nie. In die kort tydjie wat ek al navorsers en wetenskaplikes ontmoet het, was dit altyd vir my opvallend, eerder gesê teleurstellend, om te sien hoe die meeste van hulle ewolusie aanvaar sonder om daarvoor te wonder. Geoloë, fisici, bioloë, die lys gaan aan.

Daar lê 'n enorme taak vir ons as Christene in die wetenskaplike wêreld voor! Dit is ongelukkig nie altyd so maklik om met hulle hieroor te redeneer nie, veral omdat wetenskap vir hulle 'n god geword het. As iets nie binne hul stel wetenskaplike reëls val nie, dan verwerp hulle dit. Maar net omdat dit moeilik is beteken dit nie dat ons dit moet vermy nie. Daarom is dit ook goed dat ons as Christene saam hieroor moet gesels en mekaar kan ondersteun in 'n wêreld besmet met ewolusiebeskouings.

IN DIE HARTJIE VAN SUID-AERIKA IS DAAR 'N GEWOEL.
HOOR JULLE OOK DIE GERAAS VAN 'N SKARE WAT OPGEWONDE JUIG?
WAT KAN DIT WEES? IS DIT OLIFANTIC, OF DALK...?
WEL, 20-24 DESEMBER IS NET OM DIE DRAAI,
MAAR HULLE HET BELOWE HULLE SAL VIR JOU WAG.
SO, MAAK MAAR VINNIG JOU PLANNE!
HIER GAAN ONS HARTE KLOP, VIR MEKAAR EN VIR GOD.



Blokkraaisel


Vul die onderstaande woorde in die blokkies in:

Rehabeam
Jerobeam

Jotam
Hoséa
Nadab
Baësa
Dawid

Abia

Ela
Asa



Don't Find Fault

Pray don't find fault with the man who limps
Or stumbles along the road,
Unless you have worn the shoes he wears
Or struggled beneath his load.

There may be tacks in his shoes that hurt,
Though hidden way from view,
Or the burden he bears, placed on your back,
Might cause you to stumble, too.

Don't sneer at the man who's down today,
Unless you have felt the blow
That caused his fall, or felt the same
That only the fallen can know.

You may be strong, but still the blows
That were his, if dealt to you
In the self-same way the self-same time,
Might cause you to stagger, too.

Don't be too harsh with the man who sins
Or pelt him with words or stones,
Unless you are sure, yea, doubly sure,
That you have no sins of your own.

For you know perhaps, if the tempter's voice
Could whisper as soft to you
As it did to him when he went astray,
T'would cause you to falter, too.

Verjaarsdae

1

Bethal

Leclue Nienaber	12-Sep
MC Bergh	20-Sep
Sunelle Maritz	20-Sep
Marizelle Bisset	8-Oct
Le Roi Nienaber	30-Oct

Johannesburg

Theo Boessenkool	13-Oct
------------------	--------

Kaapstad

Lieneke Eefting	3-Sep
Chrisjan van Alten	23-Sep
Jan Geerts	12-Oct
Annamarie Eefting	13-Oct
Marinus Boon	15-Oct
Clarisse du Plessis	17-Oct
Adrian v/d Berg	24-Oct

Maranata

Mirjam de Vries	16-Sep
Cornelia Kerkhoff	20-Sep
Adriaan Aarstma	5-Oct
Janneke van der Hout	14-Oct
Johan de Vente	16-Oct

Pretoria

Hilda Middeljans	3-Sep
Liza de Vente	4-Sep
Marius de Jager	8-Sep
Riaan Bosker	15-Sep
Magriet Smit	19-Sep
Ingrid Bosker	23-Sep
Hester van der Meulen	27-Sep
Lois Boon	29-Sep
Alex van Houwelingen	1-Oct
Rinus Kamphuis	5-Oct
Erik Bosker	9-Oct
Celeste Boessenkool	11-Oct
Roelof Middeljans	27-Oct
Ronald Kamphuis	27-Oct
Arjan Bijker	28-Oct

